Besluitebundel

van die 74ste Algemene Kerkvergadering


6-10 Oktober 2025


NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

74ste AKV





GEBRUIKERSGIDS

* **Klik op enige punt in die inhoudsopgawe en lyste van beskrywingspunte om na daardie deel van die besluitebundel te spring.**

* **Die afkortings se korrekte betekenis kan gesien word deur u rekenaarmuis oor die woord te skuif (moenie daarop klik nie).**

INHOUDSOPGAWE

GEBRUIKERSGIDS i
INHOUDSOPGAWE i
SIMBOLIEK VAN GRAFIKA viii

DEEL 1: ALGEMENE OPENING

Geen.

DEEL 2: KONSTITUERING

GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE 2
TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV 2

DEEL 3: BEHANDELING VAN VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE

1. **BELYDENIS EN KERK**

1.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BELYDENIS EN KERK VERBAND HOU 4

2. **KERK, RINGE EN GEMEENTES**

2.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERK, RINGE EN GEMEENTES VERBAND HOU 7
2.1.1 BESKRYWINGSPUNTE INSAKE ALTERNATIEWE BEDIENING 7
2.1.2 SGB 10

3. **BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS**

3.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS VERBAND HOU 10
3.1.1 KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING 12
3.2 DOSENTEVERGADERING 15
3.3 HTK 15
3.4 SRT 15
3.4.1 INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE 15

4. **VERGADERINGS VAN DIE AMPTE**

4.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET VERGADERINGS VAN DIE AMPTE VERBAND HOU 15
4.1.1 KOMMISSIE VAN DIE ADV 17

4.1.2 GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT: TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN DIE DIAKONAAT IN KERKLIKE VERBAND 17

5. **DIE EREDIENS**

5.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE EREDIENS VERBAND HOU 22

6. **GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG**

6.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG VERBAND HOU 24

7. **MISSIONALE BEDIENING**

7.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET MISSIONALE BEDIENING VERBAND HOU 25
7.1.1 KERKLIKE KOMMUNIKASIE 25
7.1.2 BSA 25
7.1.3 DOSENTEVERGADERING: GENADEDOOD 26

8. **KERKLIKE DISSIPLINE**

8.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE DISSIPLINE VERBAND HOU 26
8.2 TUGKOMITEE 27
8.2.1 VERSLAG 27

9. **KERKLIKE GOEDERE**

9.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE GOEDERE VERBAND HOU 28
9.2 RAAD VAN FINANSIES 29
9.2.1 RAAD VAN FINANSIES 29
9.2.1.1 Beskrywingspunt: Verkiesing van sekundi vir die Raad van Finansies 29
9.2.1.2 Samestelling 29
9.3 BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE RAAD VAN FINANSIES 29
9.3.1 ALTERNATIEWE BASIS TEN OPSIGTE VAN SINODALE OFFERGAWES 29
9.3.2 INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT FINANSIEEL KWESBAAR IS 30
9.3.3 EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES 30
9.3.4 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.1 (iv) 31
9.3.5 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)(g) 31
9.3.6 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c) 31
9.3.7 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.3 (v) 32
9.3.8 AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL 32
9.3.9 ONDERSOEK NA VERSORGINGSVOORDEEL 32
9.4 FINANSIËLE STATE: 28 FEBRUARIE 2025 33
9.4.1 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) 33
9.5 BEGROTING 2026/2027 33
9.5.1 KURATORIUM 33
9.5.1.1 Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP 33
9.5.1.2 HTK 33

9.5.2 ONDERSTEUNING: MRCC ... 33
9.5.3 STRATEGIESE GROEIBEDIENING ... 33
9.5.4 ADV ... 33
9.5.5 AFDELING KERKLIKE KOMMUNIKASIE ... 34
9.5.6 KOMMISSIE VAN DIE AKV ... 34
9.5.7 KOSTE VAN SENTRALISERING ... 34
9.5.8 EIENDOM EN GEBOUE ... 34
9.5.9 OPSOMMENDE BEGROTING ... 34
9.6 SINODALE EIENDOMME ... 34
9.7 GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE ... 34
9.8 FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING ... 34

10. **KERKORDE**

10.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE KERKORDE VERBAND HOU ... 35
10.2 RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES ... 37
10.2.1 VERSLAG ... 37

BESKRYWINGSPUNTE

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV
GELOOFSVERKLARING 2025 ... 4

BESKRYWINGSPUNT 2: RING VAN SWELLENDAM
EIETYDSE GETUIENIS ... 4

BESKRYWINGSPUNT 3: KOMMISSIE VAN DIE AKV
UITVERKIESINGSLEER ... 5

BESKRYWINGSPUNT 4: RING VAN CHRISSIESMEER
ORDINANSIE 1.3: VERANDERING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE ... 6

BESKRYWINGSPUNT 5: RING VAN CHRISSIESMEER
KOMMISSIE OM DIE BELYDENISSE EN BELYDENISSKRIFTE TE BESTUDEER EN, WAAR NODIG, NUUT TE VERTAAL ... 7

BESKRYWINGSPUNT 6: KOMMISSIE VAN DIE AKV
ATTESTAAT ... 7

BESKRYWINGSPUNT 7: KOMMISSIE VAN DIE AKV
DIE NAAM VAN DIE KERK IN ENGELSE KORRESPONDENSIE EN KONTRAKTE ... 7

BESKRYWINGSPUNT 8: KOMMISSIE VAN DIE AKV
KOLLEKTIEWE VERSUS SELFSTANDIGE VERSTAAN VAN KERKWEES ... 7

BESKRYWINGSPUNT 9: KOMMISSIE VAN DIE AKV
STRUKTURELE VORME ... 8

BESKRYWINGSPUNT 10: KOMMISSIE VAN DIE AKV
ORDINANSIE 2.7: SAMEWERKING VAN GEMEENTES ... 9

BESKRYWINGSPUNT 11: KOMMISSIE VAN DIE AKV
EIETYDSE BEDIENINGE ... 9

BESKRYWINGSPUNT 12: KOMMISSIE VAN DIE AKV
HANTERING VAN NIE-LEWENSVATBARE GEMEENTES 10

BESKRYWINGSPUNT 13: KOMMISSIE VAN DIE AKV
BEFONDSING VAN INNOVERENDE BEDIENINGE... 10

BESKRYWINGSPUNT 14: KOMMISSIE VAN DIE AKV
AFTREEOUDERDOM VAN PREDIKANTE (65 JAAR).. 10

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV
OUDERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING 11

BESKRYWINGSPUNT 16: RING VAN LOSBERG
GEFOKUSDE TOERUSTING VIR EMERITI 11

BESKRYWINGSPUNT 17: RING VAN WES-KAAPLAND
VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE 11

BESKRYWINGSPUNT 18: KURATORIUM
VERKORTING VAN STUDIEJARE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING.................................. 12

BESKRYWINGSPUNT 19: KURATORIUM
KERKORDEWYSIGINGS.. 13

BESKRYWINGSPUNT 20: KOMMISSIE VAN DIE AKV
VBO VIR PREDIKANTE 14

BESKRYWINGSPUNT 21: GEMEENTE DELAREYVILLE (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN MAQUASSI)
DIE PROSES VAN DIE VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE IN ’N GEMEENTE 15

BESKRYWINGSPUNT 22: RING VAN OOS-KAAPLAND
VERKIESING VAN OUDERLINGE AS VOORSITTER EN SKRIBA VAN RINGSVERGADERINGS 16

BESKRYWINGSPUNT 24: KOMMISSIE VAN DIE AKV
DIENSTERMYN VAN OUDERLINGE OP DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV......................... 16

BESKRYWINGSPUNT 25: KOMMISSIE VAN DIE ADV
KINDERBESKERMING 17

BESKRYWINGSPUNT 26: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT
KOMITEE VIR DIAKONAAT.. 17

BESKRYWINGSPUNT 27: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT
WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2 18

BESKRYWINGSPUNT 28: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT
WYSIGING VAN ORDINANSIES VAN DIE KERKORDE TEN EINDE ’N VERANDERDE STRUKTUUR VIR DIE DIAKONAAT OP SINODALE VLAK MOONTLIK TE MAAK 19

BESKRYWINGSPUNT 29: KOMMISSIE VAN DIE AKV
KERKMUSIEK.. 22

BESKRYWINGSPUNT 30: GEMEENTE SETLAARS (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN OOS-KAAPLAND)
OPNAMES VAN ORRELBEGELEIDING/GEMEENTESANG VAN PSALMS EN GESANGE 23

BESKRYWINGSPUNT 31: RINGE VAN MAGALIES EN PRETORIA
WEERHOUDING VAN KINDERS AAN DIE SAKRAMENT VAN DIE NAGMAAL 24

BESKRYWINGSPUNT 32: KOMMISSIE VAN DIE AKV
KATEGESEMATERIAAL 24

BESKRYWINGSPUNT 33: RING VAN ZEERUST
DIE BELANG VAN GELOFTEDAG 24

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE AKV
VEROORDELING VAN ALLE AKSIES WAT TOT VERDEELDHEID IN GEMEENSKAPPE LEI 25

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE AKV
LITIGASIE 26

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV
SAMESTELLING VAN DIE TUGKOMITEE 27

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV
SAMESTELLING VAN DIE BESTUURSFORUM – SANLAM SAMBREELFONDS 28

BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES
VERKIES SEKUNDI TOT DIE RAAD VAN FINANSIES 29

BESKRYWINGSPUNT 40: RAAD VAN FINANSIES
GEWYSIGDE FINANSIËLE MODEL VIR DIE VOLHOUBARE BEDIENING VAN GEMEENTES VAN DIE NHKA 29

BESKRYWINGSPUNT 41: RAAD VAN FINANSIES
INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT OPERASIONEEL EN FINANSIEEL KWESBAAR IS 30

BESKRYWINGSPUNT 42: RAAD VAN FINANSIES
EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES 30

BESKRYWINGSPUNT 43: RAAD VAN FINANSIES
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.1 (iv) en (v) 31

BESKRYWINGSPUNT 44: RAAD VAN FINANSIES
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f) 31

BESKRYWINGSPUNT 45: RAAD VAN FINANSIES
WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c) 31

BESKRYWINGSPUNT 46: RAAD VAN FINANSIES
WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.3 (v) 32

BESKRYWINGSPUNT 47: RAAD VAN FINANSIES
AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL 32

BESKRYWINGSPUNT 48: RAAD VAN FINANSIES
ONDERSOEK EN IMPLEMENTERING VAN GEWYSIGDE PENSIOENBYDRAEMODEL.. 32

BESKRYWINGSPUNT 49: KOMMISSIE VAN DIE AKV
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.4.4 (xvi) 35

BESKRYWINGSPUNT 50: KOMMISSIE VAN DIE AKV
VOLGORDE VAN ONDERAFDELINGS VAN ORDINANSIE 2.5.2 35

BESKRYWINGSPUNT 51: KOMMISSIE VAN DIE AKV
ORDINANSIE 3.2.5 (i): ORDENING EN BEVESTIGING VAN PREDIKANTE..... 35

BESKRYWINGSPUNT 52: KOMMISSIE VAN DIE AKV
SAMESMELTING VAN GEMEENTES 36





Simboliek

van grafika





SIMBOLIEK VAN GRAFIKA

- Die 1700 jaar herdenking van die eerste ekumeniese vergadering van Nicea, asook die die 74ste AKV wat plaasvind 201 jaar na die eerste AKV in Suid-Afrika plaasgevind het.



NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Hoe die Geloofsbelydenis van Nicea verwerk is tot simboliek

- Omdat ons die verloop van tyd wil uitbeeld (ook soos in die 2025 *Almanak* en *Bybelse Dagboek*), kan daar vier hoofaspekte of verwysings wees van die Geloofsbelydenis van Nicea wat verbind kan word met die **verlede**, **hede**, **toekoms**, en die uiteindelike **uitkoms** van die Christelike geloof. Elke tydperk word deur middel van grafika uitgebeeld, en hierdie grafika word ook aan die Liturgiese jaar en kleure gekoppel.

NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

VERLEDE

- Die geloofsbelydenis verwys na die skepping van die hemel en die aarde deur die almagtige Vader. Dit erken die oorsprong van alle sienlike en onsienlike dinge, wat die verlede en die begin van alles simboliseer. (**AGENDA – met grafika (groen) van die skepping)**




NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



HEDE

- Die geloofsbelydenis beklemtoon die huidige geloof in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, wat neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees, en mens geword het. Dit sluit ook sy kruisiging, lyding, en begrafnis in, wat die huidige geloof en verlossing deur Jesus simboliseer. (**NOTULE – met grafika (donkerrooi) van die kruisiging, lyding, ensovoorts**)




NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



TOEKOMS

- Die geloofsbelydenis voorspel die wederkoms van Jesus Christus met heerlikheid om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het. Dit simboliseer die toekomstige verwagting van Jesus se koningsheerskappy en die oordeel van die lewendes en die dooies.
  (**BESLUITEBUNDEL – met grafika (geel/goud) van wederkoms, heerskappy, oordeel, koninkryk)**



NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



UITKOMS

- Die geloofsbelydenis sluit af met die verwagting van die opstanding van die ontslapenes en die lewe van die toekomstige eeu. Dit simboliseer die uiteindelike uitkoms van die Christelike geloof, wat ewige lewe en opstanding insluit.
  (**KERKORDE – met grafika (wit, swart, geel) van opstanding, lewe en ewigheid**)



NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA




Konstituering

IDEE 2








GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE

Die volgende wysiging word aanvaar:

***	By die verkiesing van kommissies en rade dien lede van die vergadering nominasies in, waarna ’n stemming tussen die genomineerde persone gehou word.**

TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.


---oOo---













Behandeling

van Verslae en Beskrywingspunte





1. BELYDENIS EN KERK

1.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BELYDENIS EN KERK VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV

GELOOFSVERKLARING 2025

In die lig van die AKV se besluite van 2001, 2019 en 2022 oor die wenslikheid van 'n eietydse belydenis, aanvaar die 74ste AKV (2025) van die NHKA *Geloofsverklaring 2025* as riglyn vir

- **die Kerk se getuienis in die wêreld.**
- **die Kerk se getuienis teenoor die owerheid.**
- **die Kerk se roeping en dienswerk.**
- **die Kerk se besluite en kerkordelike reëlings.**
- **die Kerk se teologiese arbeid.**

Die 74ste AKV besin oor die gebruik van *Geloofsverklaring 2025* in en deur die NHKA.

Die AKV se bede is dat *Geloofsverklaring 2025* die eenheid in die geloof en onderlinge liefde in die Kerk sal bevorder.

Die AKV dra dit aan die Kommissie van die AKV op om die Geloofsverklaring verder te verfyn in die lig van die bespreking op die 74ste AKV, en gee aan die Kommissie van die AKV afhandelingsbevoegdheid in dié verband.

BESKRYWINGSPUNT 2: RING VAN SWELLENDAM

EIETYDSE GETUIENIS

Die ringsvergadering van Swellendam neem kennis van die beskrywingspunt van die Kommissie van die AKV ten opsigte van die *Geloofsverklaring 2025* wat steun op die vertaalde Barmen-verklaring as historiese dokument. Gemeente Outeniqua is van mening dat die sake wat Barmen aanspreek steeds relevant is vir die hedendaagse samelewing, maar dit verwoord nie meer die Kerk se eietydse teologiese verstaan van die Koninkryk van God nie.

Die AKV neem met dank kennis van die Geloofsverklaring in Beskrywingspunt 1.

Die vergadering word versoek om 'n proses aan die gang te kry met die doel om lidmate te begelei om die Geloofsverklaring in eie en hedendaagse taal vir jongmense en die wêreld buite die kerk te kan verwoord.

BESKRYWINGSPUNT 3: KOMMISSIE VAN DIE AKV

UITVERKIESINGSLEER

1. Die 74ste AKV neem met dank kennis van die studiestukke oor uitverkiesing wat in die huidige en resente AKV's se agendas opgeneem is.

2. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die studiemateriaal wat in die agenda van die AKV opgeneem word te benut as toerusting vir ampsdraers en lidmate.

3. Die Dordtse Leerreëls (DL) moet, soos enige ander belydenisskrif, as 'n historiese dokument beskou word. As menslike woorde oor God moet dit kontekstueel en met verantwoordelikheid geïnterpreteer word.

4. Ten opsigte van uitverkiesing neem die vergadering kennis van die volgende sake wat hieruit voortspruit:

- **Die bron van uitverkiesing is God self, en God se onverstaanbare genade en liefde vir sondige mense (Efesiërs 1: 3; Efesiërs 1: 6; Efesiërs 1: 12; Johannes 3: 16).**

- **Uitverkiesing lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aangebreek het (Efesiërs 1: 6).**

- **Uitverkiesing begin met God Drie-enig se besluit en keuse om vir die mens God te wees (Genesis 1: 26; Eksodus 3: 6 tot 8; Jeremia 30: 22).**

- **Aan die kruis is Jesus Christus die mens wat deur God verlaat en verwerp is om as mens God se straf op die mens se sonde te dra (Efesiërs 1: 7; 1 Timoteus 2: 3 en 4).**

- **Aan die kruis is Jesus Christus tegelykertyd die mens wat uitverkies is, in en deur wie die mens met God versoen is (Lukas 23: 35; 1 Petrus 2: 4; 2 Korintiërs 5: 19).**

- **Jesus Christus is plaasvervangend en tegelykertyd die mens wat deur God verwerp is en deur God uitverkies is.**

- **God se keuse vir die mens en Christus se verlossingswerk hef nie die mens se verantwoordelikheid op om dankbaar op God se keuse te reageer nie (Deuteronomium 30: 19).**

- **Christus is God se *ja* vir alle mense. Geloof in Christus is die mens se *ja* vir God. Deur geloof word Christus se dood en opstanding vir ons 'n werklikheid en is ons deel van God se uitverkore volk. Daarom kan ons net van uitverkiesing in Christus praat (Efesiërs 1: 4).**

- **Uitverkiesing gaan nie net om individuele gelowiges nie, maar om die gemeenskap van gelowiges. God se voorneme om vir Hom 'n kerk te vergader (Efesiërs 1: 11), laat ons besef wat genade is en dat die kerk vir God belangrik is.**

* **As gemeenskap van gelowiges en uitverkore volk van God (Efesiërs 1: 11; Efesiërs 1: 13; Kolossense 3: 12) is die kerk van Christus geroep om die evangelie aan alle mense te verkondig, in die vaste oortuiging dat Jesus Christus vir alle mense gesterf het, en in die hoop dat mense deur die verkondiging en die werking van die Heilige Gees tot geloof sal kom (Efesiërs 1: 13 en 14).**

* **Dié mense wat hulle verset teen die werking van die Heilige Gees en in ongeloof volhard, staan as gevolg van hulle sonde en ongeloof steeds onder die oordeel van God (Efesiërs 2: 1 tot 3).**

* **Die Hervormde Kerk verstaan haarself as deel van die uitverkore volk van God wat in gehoorsaamheid aan God heilig en onberispelik (Efesiërs 1: 4) in God se teenwoordigheid wil leef, en daagliks met barmhartige woorde en dade wil getuig van God se liefde en genade wat in en deur Jesus Christus ons erfdeel is (Efesiërs 1: 18).**

* **As Kerk verstaan ons dat ons uitverkies is om diensbaar te wees. As volk van God getuig ons van God se Koninkryk (1 Petrus 2: 9) en heerskappy wat met Christus se koms in hierdie wêreld sigbaar geword het; bid ons dat God se Koninkryk sal kom en roep ons mense tot geloof en bekering (Markus 1: 15). Ons liefde vir God en ons naaste roep elkeen op om die evangelie aan almal te verkondig, dissipels van mense te maak en barmhartigheid aan alle mense te bewys.**

Teenstem:

* Ds Z Mostert.

BESKRYWINGSPUNT 4: RING VAN CHRISSIESMEER

ORDINANSIE 1.3: VERANDERING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Ordinansie 1.3 van die Kerkorde bepaal:

1.3.1 Die kerk verander nie die tekste van die belydenisse en belydenisskrifte nie.

1.3.2 Die belydenisse en belydenisskrifte word voortdurend ondersoek en bestudeer in die lig van die normatiwiteit (gesag) van die Skrif.

In aansluiting hierby besluit die AKV om die vertaling van die belydenisskrifte in oorleg met kerke waarmee ons ekumeniese bande het, opnuut te ondersoek en aan te pak.

BESKRYWINGSPUNT 5: RING VAN CHRISSIESMEER

KOMMISSIE OM DIE BELYDENISSE EN BELYDENISSKRIFTE TE BESTUDEER EN, WAAR NODIG, NUUT TE VERTAAL

Die AKV stel 'n kommissie saam om die belydenisse en belydenisskrifte te bestudeer en, waar nodig, nuut te vertaal.

2. KERK, RINGE EN GEMEENTES

2.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERK, RINGE EN GEMEENTES VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 6: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ATTESTAAT

Die term *attestaat* word konsekwent in die Kerkorde vervang deur die term *bewys van lidmaatskap*.

BESKRYWINGSPUNT 7: KOMMISSIE VAN DIE AKV

DIE NAAM VAN DIE KERK IN ENGELSE KORRESPONDENSIE EN KONTRAKTE

Die 74ste AKV besluit om die Afrikaanse naam vir die Kerk (*Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*) ook in Engelse korrespondensie en kontrakte te gebruik, saam met die akroniem NHKA.

2.1.1 BESKRYWINGSPUNTE INSAKE ALTERNATIEWE BEDIENING

BESKRYWINGSPUNT 8: KOMMISSIE VAN DIE AKV

KOLLEKTIEWE VERSUS SELFSTANDIGE VERSTAAN VAN KERKWEES

1. **Die gemeente is die plaaslike verskyningsvorm van die Kerk (Ordereël 2).**

2. **Elke gemeente is tegelykertyd telkens deel van 'n ring en sinodaal deel van die NHKA (Ordinansie 2.1.1).**

3. **Die AKV erken dus die gemeente se reg tot besluit oor die bediening op daardie plek, maar bevestig ook dat ons as gemeentes van die NHKA onlosmaaklik aan mekaar verbind is en vir mekaar medeverantwoordelikheid neem. Ons dra mekaar se laste en vier mekaar se suksesse.**

4. **Die AKV erken die realiteit dat gemeentes as gevolg van verskeie faktore 'n verskil in aanslag in bediening sal hê, en skep vir mekaar ruimte daarvoor (Ordinansie 4.1.2 (vi)).**

5. **Hierdie eenheid in verskeidenheid noodsaak goeie en openlike kommunikasie tussen gemeentes in ringsverband en tussen ringe onderling.**

6. **Alhoewel gemeentes bereid moet wees om mekaar te laste te dra, erken die AKV die groterwordende realiteit dat daar beperkte bronne vir huidige en toekomstige bediening in gemeentes bestaan – 'n realiteit wat ook onbeperkte hulpverlening nie volhoubaar maak nie.**

7. **Die AKV bevestig dat bates van gemeentes nooit los gesien kan word van die groter kerkverband waarbinne die bates gerealiseer is nie.**

8. **Daarom handel gemeentes met hulle eiendom altyd volgens die kerkordelike voorskrifte en in belang van die Kerk.**

Die beskrywingspunt word aanvaar, met die interpretasie dat *bates* in punt 7 na *onroerende bates en beleggings* verwys.

BESKRYWINGSPUNT 9: KOMMISSIE VAN DIE AKV

STRUKTURELE VORME

1. **Die Kerk aanvaar dat daar reeds 'n velerlei strukturele vorme bestaan wat kerkordelik gereël word wat vir gemeentes moontlikhede bied om die gemeente te struktureer (Ordinansies 2.7 en 2.8).**

2. **Nuwe tendense in bediening en nuwe kontekste waarbinne 'n gemeente moet kerk wees, maak dit egter noodsaaklik dat daar ook bykomende moontlikhede geskep moet word.**

3. **Waar gemeentes uitdagings ten opsigte van voortgesette bediening beleef en die *status quo* nie langer in die gemeente gehandhaaf kan word nie, of waar die ringskommissie van oordeel is dat die *status quo* onvolhoubaar is, word die alternatiewe strukturele vorme met die implikasies van elke vorm aan die kerkraad en gemeente verduidelik (veral deur die werksaamhede van die SGB).**

4. **Die Kommissie van die AKV word versoek om, na oorleg met die Raad vir Kerkregtelike Advies, waar en indien nodig, voorstelle vir wysigings aan die Kerkorde aan die AKV voor te lê om ruimte te maak vir alternatiewe vorme van kerkwees.**

5. **Die AKV verstaan dat strukturele wysiging meestal slegs langer oorlewing van 'n gemeente kan bewerk, maar dat dit nie noodwendig**

missionale groei in die gemeente se bedieningsvoetspoor tot gevolg sal hê nie.

6. Die AKV is van mening dat strukturele wysiging nie bloot op die oorlewing van gemeentes gemik behoort te wees nie, maar eerder as geleentheid benut moet word om strategies te werk aan geestelike en missionale groei. Sulke veranderings behoort gemeentes aan te moedig om in hulle konteks meer relevant te wees, sodat die geloofsgetuienis versterk, lidmate se betrokkenheid verdiep, en die gemeente se bedieningsvoetspoor in die gemeenskap verbreed kan word.

BESKRYWINGSPUNT 10: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ORDINANSIE 2.7: SAMEWERKING VAN GEMEENTES

Ordinansie 2.7.1 word gewysig om voorsiening te maak vir meerdere redes wat formele samewerking tussen gemeentes wenslik kan maak.

Die bestaande formulering lui:

2.7.1 Twee of meer gemeentes kan saamwerk <u>om 'n predikant te beroep</u>.
Hierdie formulering word soos volg verander:

2.7.1 Twee of meer gemeentes kan saamwerk <u>ter wille van effektiewe bediening</u>.

BESKRYWINGSPUNT 11: KOMMISSIE VAN DIE AKV

EIETYDSE BEDIENINGE

1. Alle gemeentelike bedieninge behoort ook 'n missionale dimensie te hê. Die beklemtoning van die missionale dimensie van elke gemeentelike bediening maak gemeentes se oë en harte oop vir hoe hulle in die gemeenskap werksaam kan wees en 'n voetspoor kan laat.

2. Gemeentes word aangemoedig om op grond van hulle eie konteks een of meer innoverende bediening/e te identifiseer waarop hulle kan fokus om in die gemeenskap 'n verskil te maak.

3. Enige bestaande lys van moontlike innoverende bedieninge in en vanuit 'n gemeente word uitgebrei deur die Kommissie van die AKV soos omstandighede verander en geleenthede na vore kom.

4. Die Kommissie van die AKV identifiseer persone wat reeds in sodanige innoverende bedieninge werksaam is om as hulp te dien vir gemeentes wat ook daardie bediening sou wou uitbou.

BESKRYWINGSPUNT 12: KOMMISSIE VAN DIE AKV

HANTERING VAN NIE-LEWENSVATBARE GEMEENTES

1. Die AKV aanvaar dat klein, middelslag en groot gemeentes in die Hervormde Kerk bestaansreg het.

2. Die Kerk aanvaar egter ook die uitgangspunt dat dit nie nodig of selfs wenslik is dat alle gemeentes van die NHKA moet/kan bly voortbestaan nie. Daar is eenvoudig tans te veel gemeentes vir die lidmaattal van die NHKA.

3. Samewerking met gemeentes van ander kerke in dieselfde reformatoriese tradisie word aangemoedig (soos reeds in vorige AKV's besluit: Besluit 99 van 71ste AKV).

BESKRYWINGSPUNT 13: KOMMISSIE VAN DIE AKV

BEFONDSING VAN INNOVERENDE BEDIENINGE

Die Kommissie van die AKV stel 'n paneel van persone aan wat leiding kan gee in innoverende bedieninge in die Kerk. Die paneel tree op versoek van gemeentes en na oorleg met ringskommissies met gemeentes in gesprek waar innoverende bedieninge potensiaal het, met die bedoeling dat die bediening in 'n gemeente posvat. Kerkrade kan ook sodanige inligting en hulp van die paneel aanvra. Indien 'n gemeente eienaarskap daarvoor aanvaar, kan die Kommissie van die AKV besluit om die bediening sinodaal te help befonds. Fondse wat uit die verkoop van bates by die ontbinding of samesmelting van gemeentes bekom is, kan ook hiervoor aangewend word.

2.1.2 SGB

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

---oOo---

3. BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS

3.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 14: KOMMISSIE VAN DIE AKV

AFTREEOUDERDOM VAN PREDIKANTE (65 JAAR)

1. Die *status quo* vir emeritaat op ouderdom 65 word behou.

2. Predikante mag na 65 steeds in gemeentes dienswerk verrig.

3. Alle diensdoende predikante moet – ook ná emeritaat – jaarliks aan die vereistes van VBO voldoen.

4. ’n Predikant kan na emeritaat steeds ’n bydraende lid van die Pensioenfonds wees, mits hy of sy ’n werknemersbydrae van 7.5% of meer betaal en sonder dat dit enige verpligting vir ‘n sinodale werkgewersbydrae op die Kerk plaas.

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV

OUDERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING

1. Gevorderde opleiding en bedieningsvaardighede word aan ouderlinge gebied om die bediening in plaaslike gemeentes, en veral in vakante werkruimtes, te ondersteun.

2. Ouderlinge word toegerus om nuwe modelle van kerkwees in vakante werkruimtes te ondersteun.

3. Die gevorderde opleiding is spesifiek gerig op die werkopdrag van die ouderling soos vervat in Ordinansie 3.4.

4. Die kerkraad doen in ’n tydperk van vakantskap by die plaaslike ringskommissie aansoek dat ouderlingsdienste onder toesig van die konsulent en die ring plaasvind.

5. Die konsulent bly steeds vir die bediening van sakramente en die lei van kerkraadsvergaderings verantwoordelik.

6. Voortgesette opleiding van ouderlinge geskied via die HTK, SGB, en Nederskills/Skillspro om ouderlinge toe te rus vir hul dienswerk.

BESKRYWINGSPUNT 16: RING VAN LOSBERG

GEFOKUSDE TOERUSTING VIR EMERITI

’n Ondersoek word gedoen na die gefokusde toerusting vir emeriti, met die oog op emeritusbediening van gemeentes.

BESKRYWINGSPUNT 17: RING VAN WES-KAAPLAND

VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE

Die Verlofreglement vir Predikante bepaal by punt 3, Kraamverlof: *Vir die vier maande kraamverlof is die predikant geregtig op 50% van haar totale vergoeding, uitgesluit reistoelaes, in die lig daarvan dat die predikant ook geregtig is om kraamvoordele van die Werkloosheidsversekeringsfonds te eis.*

Die vergadering versoek die Kommissie van die AKV dat hierdie saak binne een jaar ondersoek word ten einde die reglement te hersien sodat

die predikante beter ondersteuning, versorging en finansiële vergoeding tydens kraamverlof ontvang.

Die AKV dra dit aan die Kommissie van die AKV op om dit te ondersoek en tot uitvoering te bring.

3.1.1 KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

BESKRYWINGSPUNT 18: KURATORIUM

VERKORTING VAN STUDIEJARE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

1. **Die AKV besluit dat teologiestudente van die Kerk minstens 'n vierjarige kwalifikasie in teologie verwerf; met Grieks en Hebreeus op minstens tweedejaarsvlak; asook die voorgeskrewe aantal voorgraadse modules aan die HTK.**

2. **Die AKV gee opdrag dat die HTK 'n beroepsgerigte Lisensiaat in Teologie ontwikkel wat as voorvereiste gestel word om as predikant van die NHKA georden te word.**

3. **Die AKV verwag van teologiestudente wat toegelaat is tot die Lisensiaat, dat hulle vir die tydperk van lisensiaat in 'n gemeente werk onder toesig van 'n mentorpredikant.**

4. **Ná afhandeling van die Lisensiaat in Teologie en die dienstydperk in 'n gemeente kwalifiseer studente om deur die Proponentseksamenkommissie geëksamineer te word.**

5. **Die HTK kry opdrag om studente tydens hul voorgraadse studies grondig voor te berei vir bediening in gemeentes.**

6. **Wysigings word in Ordinansie 3.2.1 van die Kerkorde gemaak om soos volg te lees: *Opleiding en vorming van predikante: Voornemende predikante van die Kerk word in goedgekeurde kursusse aan 'n universiteit of 'n tersiêre instelling wat deur die Kuratorium goedgekeur word, opgelei, in samewerking met die HTK*.**

Teenstemme:

* Dr A Botha
* Ds A Conradie
* Ds Z de Lange
* Prof AB Geyser-Fouché
* Prop KN Guest
* Ds I Kruger
* Ds WM Shaw

* Ds NJS Steenekamp
* Ds CP van der Walt
* Dr JR van Niekerk
* Prof T van Wyk
* Dr WC van Wyk.

BESKRYWINGSPUNT 19: KURATORIUM

KERKORDEWYSIGINGS

Die volgende Kerkordelike wysigings word deur die Kuratorium aan die 74ste AKV voorgelê vir goedkeuring en implementering (die veranderinge word <u>onderstreep</u>):

3.2 PREDIKANTE

3.2.1.1 Kuratorium

Die Kuratorium hou opsig oor die teologiese opleiding van die Kerk.

(i) *Samestelling*

Die Kuratorium bestaan uit

(a) sewe lede waarvan ten minste vyf predikante moet wees

(b) die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, 'n dosent van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria <u>en 'n dosent van die Hervormde Teologiese Kollege met spreekreg</u>

(c) <u>so ver moontlik word drie lede van die Kuratorium herkies ter wille van kontinuïteit</u>

(ii) *Werkopdrag*

Die Kuratorium

benoem, in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dosente in die teologie soos bepaal deur die Kerkorde

(b) <u>fasiliteer die aanstelling van teologiedosente aan die Hervormde Teologiese Kollege asook ander opleidingsinstansies, ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde en ooreenkomste van die betrokke instansies</u>

(c) sien toe dat studente van die Kerk wat tot die opleiding toegelaat word, aan die vereistes voldoen

(d) hou opsig oor die onderrig deur teologiedosente en oor die vordering en gedrag van teologiestudente van die Kerk

(e) adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die vergoeding van teologiedosente <u>van die Kerk</u>

(f) adviseer die Raad van Finansies oor finansiële hulp aan studente van die Kerk

(g) **lewer na afloop van die akademiese jaar verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**

(h) **lewer verslag aan die gewone Algemene Kerkvergadering**

(i) **adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die benoeming van lede vir die Proponentseksamenkommissie**

(ix) **dien 'n naamlys van kandidate wat aan die vereistes vir die proponentseksamen van die Kerk voldoen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in.**

(iii) ***Werkwyse***

Die Kuratorium

benoem by die eerste sitting 'n voorsitter en visevoorsitter uit die verkose lede

(b) **benoem 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, visevoorsitter en sekretaris.**

(c) **bepaal die orde waarvolgens gewerk word en vergader minstens twee keer per jaar**

(d) **kan sonder die adviserende lede vergader indien omstandighede dit vereis.**

BESKRYWINGSPUNT 20: KOMMISSIE VAN DIE AKV

VBO VIR PREDIKANTE

1. **Alle diensdoende, nie-diensdoende en beroepafwagtende predikante, proponente en diensdoende emeriti moet jaarliks VBO deurloop en aan hulle kerkraad daaroor verslag doen. Kerkrade kan self by die HTK bevestig wat hulle predikant se VBO-status is.**

2. **Ringsvergaderings moet jaarliks die besonderhede oor predikante in die ring se voortgesette bedieningsopleiding en hulle VBO-status kontroleer en in die ringskommissie se verslag aan die ringsvergadering voorlê.**

3. **Die HTK hou 'n lys van geakkrediteerde predikante (wat die vereiste hoeveelheid krediete het en wie se VBO-status dus op datum is) op die ekstranet beskikbaar.**

4. **Kerkrade wat oorweeg om te beroep, moet die VBO-status van die predikante wat hulle oorweeg om te beroep, nagaan en bevestig dat hulle VBO-status op datum is. Die verklaring wat 'n predikant aflê wanneer hy of sy 'n beroep aanvaar, word uitgebrei om voorsiening te maak vir die onderneming dat die predikant jaarliks aan die vereistes vir VBO sal voldoen.**

5.	**Die Moderamen kan predikante wie se VBO-status nie op datum is nie, oproep vir gesprek onder die opsig.**

Teenstem:

* Ds JJ Greyling.

3.2 DOSENTEVERGADERING

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

3.3 HTK

1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

2. Die vergadering bedank dr AG Ungerer in die besonder vir sy toegewyde werk as hoof van die HTK oor die afgelope 11 jaar.

3. Die vergadering wens dr H Delport geluk met sy aanstelling as hoof van die HTK met ingang van 1 Januarie 2026.

3.4 SRT

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

3.4.1 INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE

Die vergadering neem kennis van die verslag en spreek in die besonder hulle dank uit teenoor oudl Simon Kotzé wat hierdie werk onderneem het.

---oOo---

4. VERGADERINGS VAN DIE AMPTE

4.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET VERGADERINGS VAN DIE AMPTE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 21: GEMEENTE DELAREYVILLE (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN MAQUASSI)

DIE PROSES VAN DIE VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE IN ’N GEMEENTE

Die Kerkorde lees tans:

3.3.1 VERKIESING

(i) ***Ouderlinge en diakens word by 'n gemeentevergadering verkies deur lidmate wat nie onder sensuur is nie.***

(ii) ***Die gemeentevergadering kan, naas die kerkraad, nog nominasies byvoeg.***

(iii) ***Een van die voorgestelde persone word verkies met 'n meerderheid van stem.***

(iv) ***Lidmate wat verkies is, word deur die skriba in kennis gestel.***

2. Dit moet gewysig word om te lees:

3.3.1 VERKIESING

(i) Ouderlinge en diakens word by 'n kerkraadsvergadering verkies, nadat die gemeente geleentheid gekry het om nominasies te maak.

(ii) Lidmate wat verkies is, word deur die skriba in kennis gestel.

3. Die kerkraad kan self besluit hoe die gemeente versoek word om nominasies te maak en die verkiesing kan ook met 'n konsistoriebesluit gedoen word, soos die Kerkorde voorskryf.

BESKRYWINGSPUNT 22: RING VAN OOS-KAAPLAND

VERKIESING VAN OUDERLINGE AS VOORSITTER EN SKRIBA VAN RINGSVERGADERINGS

Ordinansie 4.2.3(x) word gewysig sodat ouderlinge ook as skriba of voorsitter van 'n ring kan optree.

BESKRYWINGSPUNT 24: KOMMISSIE VAN DIE AKV

DIENSTERMYN VAN OUDERLINGE OP DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

1. Die vergadering besluit dat die Kerkorde so geïnterpreteer word dat kerkraadslede nie meer as twee termyne op die Kommissie van die AKV kan dien nie.

2. Indien 'n kerkraadslid van gemeente verander, verval sy of haar verkiesing tot die Kommissie van die AKV en neem 'n sekunduslid die vakante plek in.

4.1.1 KOMMISSIE VAN DIE ADV

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

BESKRYWINGSPUNT 25: KOMMISSIE VAN DIE ADV

KINDERBESKERMING

Die NHKA stel onomwonde dat die Christelike kerk ’n roeping het om op te staan en in te staan vir die regte van weeskinders en ander kinders wat deur die maatskaplike prosesse, soos bepaal in die Kinderwet, beskerm moet word. Alle pogings om die beste belang van hierdie kinders ondergeskik te stel aan politieke mag en ideologieë, moet in die sterkste moontlike taal verwerp word. Die NHKA moet hierdie saak ook deur die ekumeniese liggame waaraan ons behoort, verder voer.

Die NHKA se eie gemeentes moet opgeroep word om die omvang van maatskaplike probleme te besef, en betrokke te wees deur missionale diakonaat. Die barmhartigheidswerk deur gelowiges en gemeentes sal opnuut aandag moet kry om onder andere kinderbeskerming en kinderversorging te laat geskied. Dit moet deel uitmaak van die diakonaat se strategie vir die toekoms.

4.1.2 GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT: TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN DIE DIAKONAAT IN KERKLIKE VERBAND

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

BESKRYWINGSPUNT 26: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

KOMITEE VIR DIAKONAAT

1. **Die werk van die diakonaat word ingefaseer by die AKV. Gevolglik moet Ordereëls 4 en 9 gewysig word om verwysings na die ADV uit te haal. Verder word die werkopdrag van die ADV geïnkorporeer in die werkopdrag van die Kommissie van die AKV.**

2. **Die werkopdrag van die ADV word opgeneem deur die AKV, en die Kommissie van die AKV benoem ’n *Komitee vir Diakonaat* om die opdrag uit te voer en te organiseer.**

3. **Die samestelling van die Kommissie van die AKV word gewysig om sewe ouderlinge en twee diakens in te sluit.**

4. **Die Komitee vir Diakonaat word soos volg saamgestel:**

***	Die twee verkose diakens van die Kommissie van die AKV.**

***	Een predikantslid van die Kommissie van die AKV.**

***	Die sekretaris: Diakonaat (voorheen sekretaris van die ADV).**

***	Die Kommissie van die AKV kan hoogstens drie verdere persone benoem vir die Komitee vir Diakonaat. Die persone wat aangewys word om op hierdie komitee te dien, moet die beste persone wees om uitvoering te gee aan die opdrag van die komitee.**

***	Die komitee kan verteenwoordigers van die NWO's en ander lede met adviserende stem koöpteer.**

**5.	Die Kommissie van die AKV delegeer spesifieke sake met betrekking tot barmhartigheidswerk en sinodale diakonale fondse aan die Komitee vir Diakonaat, met afhandelingsbevoegdheid.**

**6.	Die Komitee vir Diakonaat doen verslag aan en maak aanbevelings aan die Kommissie van die AKV.**

**7.	Die Kommissie van die AKV benoem lede van die Komitee vir Diakonaat en ander persone in hulle persoonlike hoedanigheid as lede van die volgende maatskappye sonder winsbejag:**

***	Die Kinderhuise van die NHKA.**
***	Rata Maatskaplike Dienste.**
***	Plesion.**

Die diens as lede van die maatskappye word verder gereël deur die Aktes van Oprigting van die onderskeie maatskappye.

BESKRYWINGSPUNT 27: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2

**1.1	Ordereël 4.5 word gewysig deur punt (iii) wat tans na die ADV verwys, uit te laat. Die Ordereël sal dan soos volg lees:**

**4.5	Bykomende vergaderings wat deur afgevaardigdes van die ampte gevorm word, is die**

**(i)	Ringsvergadering**
**(ii)	Algemene Kerkvergadering**

**1.2	Dienooreenkomstig word die verwysing na die ADV ook uitgelaat by Ordereël 9.2 (v) sodat die Ordereël soos volg lees:**

**9.2	Toesig berus by die**

**(i)	Gemeentevergadering**

(ii) Kerkraadsvergadering
(iii) Ringsvergadering
(iv) Algemene Kerkvergadering
(v) Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

BESKRYWINGSPUNT 28: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

WYSIGING VAN ORDINANSIES VAN DIE KERKORDE TEN EINDE ’N VERANDERDE STRUKTUUR VIR DIE DIAKONAAT OP SINODALE VLAK MOONTLIK TE MAAK

KOMITEE VIR DIAKONAAT

Die Komitee vir Diakonaat is ’n komitee van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die kollektiewe barmhartigheidswerk van die Kerk koördineer.

1. Ordinansie 4.7.1 word gewysig om soos volg te lees:

SAMESTELLING

Die Komitee vir Diakonaat word soos volg deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering saamgestel uit

(i) twee diakens wat op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien

(ii) een predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(iii) eie Sekretaris: Diakonaat

(iv) hoogstens drie ander lede benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

(v) Die Komitee kan verteenwoordigers van die NWO’s en ander lede koöpteer met adviserende stem

2. Ordinansie 4.7.2 word gewysig om soos volg te lees:

WERKOPDRAG

Die Komitee vir Diakonaat

(i) onderneem studiewerk en besin oor barmhartigheidsdiens

(ii) beplan en bevorder die barmhartigheidswerk in en deur die Kerk

(iii) adviseer die Algemene Kerkvergadering, ringsvergaderings en enige ander vergadering van die ampte of liggame oor

barmhartigheidswerk, gee riglyne vir die bevordering van barmhartigheidswerk en rus ringe, gemeentes en gelowiges daarvoor toe

(iv) benoem werkgroepe en subkomitees om spesifieke take te verrig

(v) skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk

(vi) behandel die verslae van die onderskeie organisasies sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is

(vii) neem kennis van die behoeftes van die organisasies sonder winsoogmerk wat hulp van die Kerk versoek en maak voorstelle aan kerklike liggame oor bydraes vir die diens van barmhartigheid of oor ander maniere waarop die Kerk bystand kan verleen

(viii) neem in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluite oor sinodale diakonale fondse

(ix) doen deurlopend verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

3. Ordinansies 4.7.3, 4.8, 4.9 en 4.10 word in geheel geskrap. Enkele punte daaruit is reeds by die voorstel ter wysiging van Ordinansie 4.7 opgeneem.

4. Ordinansie 4.2.1 (f) word gewysig om soos volg te lees:

’n verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging met spreekreg.

5. Ordinansie 4.2.1 word gewysig deur paragraaf (g) by te voeg:

(g) ’n verteenwoordiger van die Komitee vir Diakonaat met spreekreg

6. Ordinansie 4.2.2 (xxviii) word gewysig om soos volg te lees:

behandel die mededelings van die Komitee vir Diakonaat

7. Ordinansie 4.2.2 (xxxi) word gewysig om soos volg te lees:

vaardig persone af na toerustingsgeleenthede wat deur die Komitee vir Diakonaat gereël word

8. Ordinansie 4.2.2 (xxxii) word gewysig om soos volg te lees:

doen verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor barmhartigheidsdiens in die ring

9. Ordinansie 4.2.2 (xxxiii) word gewysig om soos volg te lees:

skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk, in oorleg met die Komitee vir Diakonaat

10. Ordinansie 4.2.3 (xix) word gewysig om soos volg te lees:

reël watter afgevaardigde uit die ring 'n memorandum, studiestuk, voorstel, versoekskrif of beskrywingspunt wat vir deursending aanvaar is, tydens die Algemene Kerkvergadering sal toelig en motiveer

11. Ordinansie 4.4.2 word gewysig om soos volg te lees:

Emeriti, beroepafwagtende predikante en proponente, en lede van die Raad vir Kerkregtelike Advies, almal met spreekreg.

12. Ordinansie 4.4.4 (iii) (d) word geskrap.

13. Ordinansie 4.4.4 (vii) (b) word gewysig om soos volg te lees:

uit die aanwesige kerkraadslede

* **nege lede, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees**
* **nege sekundi, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees, wat om die beurt gebruik kan word**

14. Ordinansie 4.4.4 (xvii) word geskrap.

15. Ordinansie 4.6.1 (iv) kan gewysig word om soos volg te lees:

Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

16. Ordinansie 4.6.1 (v) word bygevoeg om soos volg te lees (en die verdere nommers skuif elk een aan):

Die sekretaris vir diakonaat met spreekreg.

17. Ordinansie 4.6.2 (viii) word gewysig om soos volg te lees:

gee leiding aan en hou opsig en toesig oor ringsvergaderings, rade, komitees en werkgroepe

18. Ordinansie 4.6.2 (xvi) word gewysig om soos volg te lees:

benoem 'n Proponentseksamenkommissie in oorleg met die Kuratorium, een lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die Raad van Finansies, en benoem 'n Komitee vir Diakonaat

19. Ordinansie 4.6.2 (xxii) word gewysig om soos volg te lees:

benoem persone wat in persoonlike hoedanigheid as lede van die maatskappye sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is, dien

20. Ordinansie 8.1.1.3 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou opsig oor predikante, die lede van vergaderings van ampte op ringsvlak, en lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering.

21. Ordinansie 8.1.3.6 word gewysig om soos volg te lees:

'n Beswaarskrif teen lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien en afgehandel.

22. Ordinansie 8.3 (iii) word gewysig om soos volg te lees:

die Tugkomitee oor predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en lede van die rade en komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

23. Ordinansie 8.9.3 word gewysig om soos volg te lees:

'n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van 'n ring, lede van vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan 'n beroep op die Sekunduskommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

24. Ordinansie 9.1.1.5 word geskrap.

25. Ordinansie 9.1.1.6 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van sinodale belange en kollektiewe barmhartigheidswerk indien die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

26. Ordinansie 9.2.1.1 (v) word gewysig om soos volg te lees:

adviseer, indien nodig, kerkraadsvergaderings, ringsvergaderings, die Komitee vir Diakonaat, die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en die Algemene Kerkvergadering oor finansiële aangeleenthede.

27. Die volgende dokument kan verwyder word vanuit die Kerkorde:

*** Geloofsbrief Algemene Diakensvergadering.**

---oOo---

5. DIE EREDIENS

5.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE EREDIENS VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 29: KOMMISSIE VAN DIE AKV

KERKMUSIEK

1. Die NHKA betuig dank teenoor die VONKK-werkgroep en Bybel-

Media vir die afhandeling van die opdrag van die 72ste AKV om PowerPoints te vervaardig waar al die strofes van 'n lied met notasie vertoon kan word.

2. Die Kerk keur die voortgesette werk aan die kerklied goed, en versoek dat die uitbou van die kerklied in gemeentes en ringe sal plaasvind.

3. Gemeentes en lidmate neem kennis dat Bybel-Media 'n herdruk van die Liedboek gedoen het en dat 'n harde kopie van die Liedboek weer vir aankoop beskikbaar is.

4. Gemeentes word daarop gewys dat elke gemeente wat liedere (Liedboek of VONKK) projekteer, uitsaai of versprei jaarliks 'n Kerkmusieklisensie by Bybel-Media moet uitneem. Hierdie gekonsolideerde lisensie verseker dat gemeentes aan alle kopieregvereistes vir die Liedboek en VONKK-liedere voldoen, en dat die liedere met vrymoedigheid gebruik kan word. 'n CCLI-lisensie is slegs nodig indien Flam-liedere ook gebruik sou word.

5. Gemeentes neem kennis dat die kopiereglisensie hulle ook toegang gee tot professioneel opgeneemde orrelbegeleidings wat vir begeleiding van gemeentesang gebruik kan word waar daar 'n orrelis nie beskikbaar is nie.

6. Waar predikante en orreliste opmerk dat 'n leemte bestaan in 'n sekere rubriek, kan hulle met lede van die VONKK-werkgroep kontak maak sodat daar aan die uitbreiding van die rubriek gewerk kan word.

Die vergadering neem daarvan kennis dat ds JF van der Merwe reeds ongeveer 200 tekste tot die VONKK-bundel bygedra het, en wens hom geluk met sy aanwysing as die voorsitter van die VONKK-werkgroep.

BESKRYWINGSPUNT 30: GEMEENTE SETLAARS (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN OOS-KAAPLAND)

OPNAMES VAN ORRELBEGELEIDING/GEMEENTESANG VAN PSALMS EN GESANGE

Die betrokke komitee van die AKV word versoek om oorweging te skenk aan die daarstelling van 'n stel opnames van

1. slegs orrelbegeleiding van die Psalms en Gesange soos vervat in die Liedboek van die Kerk; of

2. orrelbegeleiding plus gemeentesang van die Psalms en Gesange, soos vervat in die Liedboek van die Kerk.

Gemeente Setlaars het beide metodes op die proef gestel en gevind dat opnames van orrelbegeleiding plus gemeentesang die doeltreffendste in klein gemeentes werk.

Die vergadering versoek ds JF van der Merwe om met Bybel-Media in gesprek te tree oor die bestaande opnames van die Liedboek.

BESKRYWINGSPUNT 31: RINGE VAN MAGALIES EN PRETORIA

WEERHOUDING VAN KINDERS AAN DIE SAKRAMENT VAN DIE NAGMAAL

Die vergadering gee opdrag dat die Kommissie van die AKV 'n ondersoek laat doen na die implikasies van die toelating van kinders tot die Nagmaal, wat insluit die implikasies vir die kategese, formuliere en Kerkorde.

6. GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG

6.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 32: KOMMISSIE VAN DIE AKV

KATEGESEMATERIAAL

Die kerkraad bepaal volgens Ordinansie 4.1.2 (xii) die tyd en plek van kategese, wys kategete aan en hou opsig oor alle gestaltes van geestelike vorming en kerklike onderrig.

Kategese gee uitdrukking aan die Hervormde Kerk se belydenisse en Bybels-Reformatoriese inslag, maar die AKV is nie verder voorskriftelik ten opsigte van die kategesemateriaal wat 'n gemeente gebruik nie.

BESKRYWINGSPUNT 33: RING VAN ZEERUST

DIE BELANG VAN GELOFTEDAG

Gegewe die belang van die Gelofte in ons kerkvolk se lewe, die groeiende belangstelling in Geloftedag die afgelope jare, en die feit dat die leemte maklik gevul kan word, word die volgende beskrywingspunt gestel:

1. **Wanneer die Kerk se kategesemateriaal hersien word, word 'n gedeelte gewy aan Geloftedag.**
2. **Indien daar nie beplan word om die kategesemateriaal in die nabye toekoms te hersien nie, word daar opdrag gegee om 'n publikasie daar te stel oor die Gelofte, Bloedrivier en die herdenking daarvan. Hierdie publikasie word dan spesifiek gemik op kinders.**
3. **Die heruitgawe of hersiening van *Die Gelofte van 1838* word beplan sodat die belangrike teologiese en historiese insigte daarin vervat weer aan die breër Kerk beskikbaar gestel kan word.**

4. ’n Hersiening van die boek *Die Gelofte van 1838* sal nuwe navorsing verg.

Teenstem:

* Ds CP van der Walt.

---oOo---

7. MISSIONALE BEDIENING

7.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET MISSIONALE BEDIENING VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE AKV

VEROORDELING VAN ALLE AKSIES WAT TOT VERDEELDHEID IN GEMEENSKAPPE LEI

Die AKV veroordeel alle vorme van geweld, oorlogsmisdade, aanhitsing tot geweld en aksies wat tot verdeeldheid in gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd lei.

7.1.1 KERKLIKE KOMMUNIKASIE

1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

2. Die vergadering spreek sy waardering uit teenoor

- **me Tessa Oppermann wat vir meer as 20 jaar die taalversorging van die kerklike publikasies behartig het en ook opgetree het as produksiebestuurder.**
- **prof WA Dreyer wat uitgetree het as redakteur van die *Almanak*.**
- **dr JH van Staden wat uittree as redakteur van *Die Hervormer*.**

7.1.2 BSA

1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

2. Die vergadering aanvaar die volgende aanbevelings in die verslag:

- **Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die BSA en die BSA word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.**
- **Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes,**

sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

- **Die vergadering wens ds Rodney van Wyk geluk met sy aanstelling as uitvoerende hoof van die BSA.**

- **Di D Barnard en CJ Bezuidenhout word bedank vir hulle werk as ambassadeurs namens die Kerk by die BSA.**

- **Die vergadering betuig dank en waardering teenoor almal wat namens die NHKA in die Algemene Jaarvergadering en Streekkomitees van die BSA dien.**

- **Gemeentes word versoek om ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte aan die BSA oor te betaal.**

- **Kerkrade word versoek om steeds jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word verkieslik maandeliks voor 31 Oktober elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Vir die komende jaar word die bedrag van R60.00 per lidmaat steeds as riglyn gebruik.**

- **Kerkrade word versoek om Bybels by die BSA aan te koop en te versprei onder diegene wat nie Bybels het nie.**

- **Kerkrade word versoek om die inligting rakende Bybels wat elektronies gratis beskikbaar is, in gemeentes bekend te stel.**

7.1.3 DOSENTEVERGADERING: GENADEDOOD

1. Die vergadering neem met waardering kennis van die studiestuk en bedank die predikante wat bydraes daartoe gelewer het.

2. Die vergadering versoek die komitee om voort te gaan met navorsing oor die onderwerp, en in die proses ook mediese en juridiese perspektiewe op die saak te verreken.

---oOo---

8. KERKLIKE DISSIPLINE

8.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE DISSIPLINE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE AKV

LITIGASIE

Die vergadering neem kennis van die termynverslag van die uittredende Kommissie van die AKV, in besonder die gesprekke met die GHG en gesprekke oor die Staat van Belydenis.

Verskeie gesprekke is met verteenwoordigers van die GHG gevoer en ter aanvang is ooreengekom om gesprekke eties en broederlik te voer. Van die gesprekke is gereeld aan die Kommissie van die AKV verslag gelewer en bevestig dat ondanks verskille die gesprekke in 'n welwillende gees plaasvind.

1. Die vergadering spreek dankbaarheid uit dat 'n opbouende gesprek in goeie gees tot stand gekom het tussen die NHKA en GHG.

2. Die vergadering verbind hom tot verdere gesprek en wil die Kerk aanmoedig om uit te reik en gesprek tussen lidmate, gemeentes en vergaderings van die ampte te voer.

3. Die vergadering beskou die Status Confessionis/Staat van Belydenis as dié struikelblok wat verhoed dat verhoudinge volledig normaliseer en doen 'n beroep op die GHG om die Status Confessionis/Staat van Belydenis te herroep sodat verhoudinge normaliseer.

8.2 **TUGKOMITEE**

8.2.1 VERSLAG

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SAMESTELLING VAN DIE TUGKOMITEE

1. Ordinansie 4.4.4(xii)(e) word gewysig om die huidige formulering te verbeter en buigsaamheid in die samestelling van die Tugkomitee te verseker.

Ordinansie 4.4.4(xii)(e) lees tans soos volg:

[Die Algemene Kerkvergadering]

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(e) sewe persone vir die Tugkomitee bestaande uit drie predikante, en twee ouderlinge of regsgeleerdes uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n plaasvervanger.

Die ordinansie word soos volg aangepas:

[Die Algemene Kerkvergadering]

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(e) sewe persone vir die Tugkomitee van wie minstens drie predikante en twee regsgeleerdes is, asook twee sekunduslede, uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie tydens die termyn langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ’n plaasvervanger.

2. Ordinansie 8.9.3 word aangepas om die Sekunduskommissie van die AKV as appèlliggaam vir die Tugkomitee aan te wys:

8.9.3 ’n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van ’n ring, vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan ’n beroep op die Sekunduskommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

---oOo---

9. KERKLIKE GOEDERE

9.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE GOEDERE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SAMESTELLING VAN DIE BESTUURSFORUM – SANLAM SAMBREELFONDS

Die AKV verleen aan die Kommissie van die AKV en die Raad van Finansies die mandaat om namens die gemagtigde werkgewer, die NHKA, ná konsultasie met die ander deelnemende werkgewers, werkgewersverteenwoordigers op die Bestuursforum aan te wys.

Die Bestuursforum bestaan uit ses lede, wat dien as tussengangers tussen die NHKA-lede en die trustees van die Sambreelfonds. Die volgende persone word voorgestel:

* **Ds HJ Celliers: Predikantslidverteenwoordiger; tans lid van die NHKA Pensioenfonds.**
* **Oudl Hannes Combrink: Werkgewersverteenwoordiger; ervaring in pensioene.**
* **Mnr Pieter Terblanche: Werkgewersverteenwoordiger; ervaring in pensioene.**

*	**Mnr Gerald Janse van Rensburg: Verteenwoordiger van die lede van NWO's; tans sekundus as werknemersverteenwoordiger.**
*	**Dr FJ Labuschagne: Werkgewersverteenwoordiger; Voorsitter van die Tegniese Komitee van die Pensioenfonds.**
*	**Mnr Johan Hattingh: Verteenwoordiger van die personeel van die Sinodale Dienssentrum; tans sekundus as werkgewers-verteenwoordiger.**

9.2 **RAAD VAN FINANSIES**

9.2.1 RAAD VAN FINANSIES

9.2.1.1 **Beskrywingspunt: Verkiesing van sekundi vir die Raad van Finansies**

BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES

VERKIES SEKUNDI TOT DIE RAAD VAN FINANSIES

Ordinansie 9.2.2.1 van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Raad van Finansies en word soos volg uitgebrei:

Ordinansie 9.2.2.1(d) word toegevoeg:

Die Raad word saamgestel uit (...)

(d) twee sekundi vir die lede van die Raad van Finansies, verkies tydens die AKV, wat sitting neem wanneer ’n verkose lid ’n vergadering nie kan bywoon nie of wanneer ’n vakature ontstaan

9.2.1.2 **Samestelling**

VERKIESING VAN RAAD VAN FINANSIES

Die AKV besluit dat die lede van die Raad van Finansies deur die Kommissie van die AKV aangewys word tydens hul November 2025-vergadering.

9.3 **BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE RAAD VAN FINANSIES**

9.3.1 ALTERNATIEWE BASIS TEN OPSIGTE VAN SINODALE OFFERGAWES

BESKRYWINGSPUNT 40: RAAD VAN FINANSIES

GEWYSIGDE FINANSIËLE MODEL VIR DIE VOLHOUBARE BEDIENING VAN GEMEENTES VAN DIE NHKA

Die beskrywingspunt verval.

Die vergadering versoek die Raad van Finansies om die ondersoek voort te sit.

9.3.2 INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT FINANSIEEL KWESBAAR IS

BESKRYWINGSPUNT 41: RAAD VAN FINANSIES

INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT OPERASIONEEL EN FINANSIEEL KWESBAAR IS

Die NHKA het in die lig van verskeie finansiële en administratiewe risiko's ook nodig om meer proaktief te handel deur gemeentes te begelei om sodoende hulle bedryfsverantwoordelikhede te kan nakom.

Gemeentes moet ook die erns verstaan van die nakoming ten opsigte van bedryfsverantwoordelikhede van die NHKA.

9.3.3 EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES

BESKRYWINGSPUNT 42: RAAD VAN FINANSIES

EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES

1. Die NHKA besluit om die hulp aan emeriti ten opsigte van hulle mediese koste uit te faseer.

2. Die NHKA besluit dat daar geen subsidie aan sekere emeriti en/of hulle gades betaalbaar is nie:

- **Gades van predikante wat in diens (<65) afgesterf het en waar die gades die begunstigdes op die Pensioenfonds en Lewensdekkingspolis was.**

- **Predikante wat voltyds in ander beroepe gestaan het en dus slegs deeltyds dienste as predikant gelewer het.**

- **Persone wat om eie redes kies om vroeg te emeriteer/af te tree, behalwe waar dit verband hou met predikante wat dit doen om die gemeentes wat finansieel swaarkry ter wille te wees.**

- **Persone wat na aftrede op 65 steeds 50% of meer volledig in diens/beroep is in 'n gemeente totdat hulle uiteindelik ten volle aftree.**

3. Die NHKA besluit dat in uitsonderlike gevalle waar emeriti baie sukkel om finansieel te oorleef, sodanige emeriti kan aansoek doen vir bykomende hulp met die nodige bewyse.

4. Die huidige bedrag aan hulp word nie verder jaarliks verhoog nie.

5. Predikante/personeel wat vir die eerste keer na 1 Januarie 2026 diens aanvaar in die NHKA en/of gemeentes van die Kerk, sal nie by emeritaat/aftrede kwalifiseer vir enige hulp nie.

9.3.4 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.1 (iv)

BESKRYWINGSPUNT 43: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.1 (iv) en (v)

Ordinansie 4.6.1 (iv) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Kommissie van die AKV en subparagraaf (iv) word soos volg gewysig, met die byvoeging van 'n nuwe subparagraaf (v):

(iv) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg.

(v) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg.

9.3.5 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)(g)

BESKRYWINGSPUNT 44: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)

Ordinansie 4.6.4.1 (i) (f) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Moderamen en word soos volg gewysig, met die byvoeging van 'n nuwe subparagraaf (g):

(i) Die Moderamen bestaan uit

(f) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg

(g) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg.

9.3.6 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c)

BESKRYWINGSPUNT 45: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c)

Ordinansie 9.2.2.1 (i)(c) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Raad van Finansies en word soos volg gewysig:

(ii) Die Raad bestaan uit

(c) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met adviserende stem.

9.3.7 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.3 (v)

BESKRYWINGSPUNT 46: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.3 (v)

Ordinansie 9.2.2.3 (v) van die Kerkorde verwys na die werkswyse van die Raad van Finansies en word soos volg gewysig:

Die Raad

(iii) kies ’n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum en minstens twee ander lede om spoedeisende sake te hanteer en/of die agenda vir die algemene vergadering te finaliseer.

9.3.8 AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL

BESKRYWINGSPUNT 47: RAAD VAN FINANSIES

AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL

Die Raad kry opdrag om vanuit die surplusse in die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel jaarliks, na verrekening van die voorgestelde reserwevlak van tussen 0.5% en 1.5%, tot en met 50% van die uitprestasie van die stelsel bo die gemiddelde daggeldkoers van ABSA bank, oor te plaas na die Fonds vir Sinodale Dienslewering en die Ondersteuningsfonds ten einde Woordverkondiging in gemeentes nou en later te ondersteun.

Sodanige verdeling word gedoen in oorleg met die Kommissie van die AKV.

Hulp vanuit die Ondersteuningsfonds kan slegs oorweeg word nadat die Kommissie van die AKV tevrede is dat alle ander kerklike prosesse behoorlik verreken is.

9.3.9 ONDERSOEK NA VERSORGINGSVOORDEEL

BESKRYWINGSPUNT 48: RAAD VAN FINANSIES

ONDERSOEK EN IMPLEMENTERING VAN GEWYSIGDE PENSIOENBYDRAEMODEL

Die Raad kry opdrag om ondersoek te doen na ’n gewysigde model waarvolgens predikante se bydraes tot die Pensioenfonds bereken word. Die uitslag van die ondersoek word aan die Kommissie van die AKV voorgehou vir goedkeuring en implementering.

Die Raad van Finansies onderneem om deeglik met gemeentes te konsulteer voordat enige wysigings aan die bestaande stelsel geïmplementeer sal word.

9.4 **FINANSIËLE STATE: 28 FEBRUARIE 2025**

9.4.1 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT)

1. Kennis geneem. **2. Dank word betuig aan elkeen wat meegewerk het, op watter wyse ook al, om die positiewe resultaat daar te stel.**

9.5 **BEGROTING 2026/2027**

9.5.1 KURATORIUM

9.5.1.1 **Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP**

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP.

9.5.1.2 **HTK**

Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting van die HTK.

9.5.2 ONDERSTEUNING: MRCC

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: MRCC.

9.5.3 STRATEGIESE GROEIBEDIENING

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Strategiese Groeibediening.

9.5.4 ADV

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting van die Komitee vir Diakonaat.

9.5.5 AFDELING KERKLIKE KOMMUNIKASIE

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit: Afdeling Kommunikasie.

9.5.6 KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Kommissie van die AKV.

9.5.7 KOSTE VAN SENTRALISERING

Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting ten opsigte van die koste van sentralisering.

9.5.8 EIENDOM EN GEBOUE

Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting: Eiendomme en geboue.

9.5.9 OPSOMMENDE BEGROTING

Die vergadering keur die begroting goed.

9.6 SINODALE EIENDOMME

Kennis geneem.

9.7 GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE

Kennis geneem.

9.8 FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING

Die vergadering keur die 2026/2027 begroting, soos voorgehou, goed. Die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV sal die implikasies van die begroting bespreek en afhandel. Die Raad van Finansies sal per omsendskrywe die sinodale offergawe aan gemeentes kommunikeer.

10. KERKORDE

10.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE KERKORDE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 49: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.4.4 (xvi)

Ordinansie 4.4.4 handel oor die werkwyse van die AKV en paragraaf (xvi) word soos volg gewysig:

4.4.4 WERKWYSE

Die Algemene Kerkvergadering

(xvi) aanvaar gemotiveerde beskrywingspunte, voorstelle en versoekskrifte. Indien 'n beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif finansiële implikasies het wat nie in die begroting van die Raad van Finansies verreken is nie, moet dit aan die vergadering uitgespel word.

BESKRYWINGSPUNT 50: KOMMISSIE VAN DIE AKV

VOLGORDE VAN ONDERAFDELINGS VAN ORDINANSIE 2.5.2

Die volgorde van Ordinansie 2.5.2 oor die werkopdrag van die gemeentevergadering moet omgeruil word om 'n logiese lyn van lidmate en gemeente na ouderlinge en diakens, en dan na predikante te volg. (iii) word dus voor (i) ingeskuif en die nommering word dienooreenkomstig aangepas. Dit maak uiteraard inhoudelik geen verskil nie.

2.5.2 WERKOPDRAG

Die gemeentevergadering

(i) voer gesprek oor die roeping van lidmate en dienswerk van die gemeente

(ii) verkies ouderlinge en diakens

(iii) skep, waar nodig, 'n werkruimte vir 'n predikant of hef dit op

BESKRYWINGSPUNT 51: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ORDINANSIE 3.2.5 (i): ORDENING EN BEVESTIGING VAN PREDIKANTE

Ordinansie 3.2.5 (i) word soos volg gewysig:

(i) Ordening of bevestiging vind in oorleg met die betrokke ringskommissies so spoedig moontlik na aanneming van 'n beroep plaas.

BESKRYWINGSPUNT 52: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SAMESMELTING VAN GEMEENTES

Ordinansie 2.8 word gewysig en uitgebrei om te verseker dat die ringskommissie reg van die begin af by 'n samesmelting tussen gemeentes betrek word, en dat die Kommissie van die AKV en Raad van Finansies deurlopend op die hoogte van sake gehou word. Waar nodig mag die ringskommissie of die Kommissie van die AKV die SGB versoek om by die proses betrokke te raak.

2.8.1 Die gemeentevergadering voer gesprek en besluit oor samesmelting met 'n ander gemeente wanneer omstandighede wat die gemeente daartoe dwing, dit in belang van die bediening noodsaak. Die ringskommissie, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Raad van Finansies word deurlopend op die hoogte gehou.

2.8.2 'n Voorgestelde ooreenkoms tot samesmelting word deur die deelnemende gemeentes opgestel in oorleg met die ringskommissie, en deur die betrokke gemeentevergaderings met 'n tweederdemeerderheid van die aanwesige lidmate in 'n stemming aanvaar. Die ooreenkoms tree in werking by die aanvang van die eerste gemeentevergadering van die samesmeltende gemeentes.

2.8.3 Die ooreenkoms van samesmelting bevat minstens die volgende reëlings:

(i) Die datum van samesmelting.

(ii) Die grense van die gemeente wat uit die samesmelting ontstaan.

(iii) Waar van toepassing word die predikante van die gemeentes losgemaak, onderhewig daaraan dat met die predikante ooreengekom word wie deur die nuwe gemeente beroep sal word of hoe die predikante andersins hanteer sal word.

(iv) Indien oor die hantering van die predikante nie 'n ooreenkoms bereik kan word nie, moet met die betrokke ring oorleg gepleeg word.

(v) Die beskikking oor die roerende en onroerende eiendom van die gemeentes wat by die samesmelting betrokke is.

(vi) Die beskikking oor die notuleboeke, registers, finansiële verslae en die inhoud van die gemeentelike argief van die gemeente wat ontbind.

10.2 RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES

10.2.1 VERSLAG

Die vergadering neem met dank kennis van die verslag.

---oOo---

VERKIESING VAN STATUTÊRE RADE

Die lede van die ***Raad van Finansies*** word deur die Kommissie van die AKV aangewys tydens hul November 2025-vergadering.

Die Kuratorium is soos volg verkies:

* Ds WA Dreyer
* Ds R Hopley
* Ds WJJ Kok
* Ds JT Manders
* Dr MJ Slabbert
* Dr JM van Staden
* Dr DJC van Wyk (jr).

Die Raad vir Kerkregtelike Advies is soos volg verkies:

* Oudl JD Fourie
* Dr A Janse van Rensburg
* Dr RJ Jones
* Dr C Pretorius (gekoöpteer)
* Dr BJ van Wyk.

Die Tugkomitee is soos volg verkies:

<u>Regsgeleerdes</u>:

* Adv Herman Kriel
* Adv Johan Rossouw

<u>Lede</u>:

* Diak Clinton Cuthbertson
* Oudl Lizel Schoenfeld

<u>Predikante</u>:

* Ds HJ Celliers
* Ds EG Fourie
* Ds MD Robbertze.

---oOo---